TPL724	Leksikografie en terminografie	16
TPL744	Leksikologie en terminologie	16
TPM724	Taalbeplanning en -bestuur in die praktyk	16
TPM744	Taalbeplanningsmodelle	16
TPD724	Dokumentontwerp- en Teksvorsingsteorie	16
TPD744	Dokumentontwerp- en Teksvorsingpraktyk	16

2.2 Die tweede jaar (128 krediete)

2.2.1 Algemene modules in die tweede jaar (16 krediete)

Alle kandidate bied die onderstaande module aan:

KODE	MODULE	KREDIETE
TNM714	Navorsingsmetodologie	16

2.2.2 Spesialisasiemodules in die tweede jaar (112 krediete)

Voortsetting van ten minste 48 krediete uit die onderstaande modules in die spesialiseringstog aangebied in die eerste studiejaar:

KODE	MODULE	KREDIETE
TTP734	Lokalisering	16
TTP754	Teoretiese beginsels by taal- en spraaktegnologie	16
TTP774	Elektroniese taalbestuur	16
TPV734	Vertaalpraktyk: tegniese en literêre vertaling	16
TPV754	Vertaalmodelle	16
TPV774	Deskriptiewe en korpusvertaalkunde	16
TPI734	Fluister- en telefoontolking	16
TPI754	Tolkteorie	16
TPI774	Konferensietolking	16
TPL734	Leksikografiebestuur	16
TPL754	Leksikologie en Terminologie	16
TPL774	Terminologiebestuur	16
TPM734	Ekonomie van taalbeplanning en -bestuur	16
TPM754	Grondslae in taalbeplanning en -bestuur	16
TPM774	Strategiese taalbestuur	16
TPD734	Teksversorging	16
TPD754	Kopiëskryf	16
TPD774	Dokumentontwerp	16
AFN759	Edisiewetenskap in Afrikaans en Nederlands	32

Plus: 'n Uitgebreide skripsie (TPP791) van 64 krediete in die gekose spesialiseringstog.

REG. B103	PHILOSOPHIAE DOCTOR – TAALPRAKTYK
	Ph.D.
Studiekode: 1964	256 krediete

KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (modulekode TPP900) skryf oor 'n onderwerp wat in oorleg met die promotor gekies is.

**REG. B104 NAGRAADSE DIPLOMA IN
REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE**
Studiekode: 1206 128 krediete

- (a) Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot die nagraadse diplomastudie (Algemene Regulasie A80) geld vir toelating tot hierdie diploma.
- (b) Aangesien slegs 'n beperkte aantal studente per jaar toegelaat kan word, sal studente ook aan 'n keuringsproses onderwerp word waarvolgens akademiese meriete en/of werkservaring deurslaggewend sal wees.
- (c) Alle aansoeke sal deur 'n programkomitee geëvalueer word ten opsigte van die minimum toelatingsvereistes ('n B-graad of ekwivalente kwalifikasie [NQF Vlak 6] is hier van toepassing).
- (d) Van studente word verwag om voorleggings te maak as deel van die beoordeling van die betrokke aansoeke.
- (e) Studente mag op grond van voorafleer, wat in oorleg met die streekkantoor van EVL geskied, deur die Programdirekteur toegelaat word.

'n Totaal van 8 modules (128 krediete) vanuit 'n moontlike 15 modules moet voltooi word.

MGT531	Die politieke omgewing
MGT532	Politieke transformasie en bestuur
MGT533	Openbare finansiële bestuur
MGT534	Internasionale politieke bestuur
MGT535	Vergelykende analises van transformasie kontekste
MGT536	Politieke bestuurskommunikasie
MGT537	Politieke ekonomie en landbou

MGT541	Samewerkende regering
MGT542	Politieke veranderingsbestuur
MGT543	Politieke konflik en politieke beleid
MGT544	Openbare menslike hulpbronbestuur
MGT545	Die reg en politieke bestuur
MGT546	Grondhervorming
MGT547	Plaaslike en korporatiewe regering
MGT548	Suid-Afrikaanse regering en politieke transformasie
MGT549	Elektief

VERPLIGTE MODULES

MGT531 en MGT532	–	Eerste semester
MGT541 en MGT542	–	Tweede semester

Die oorblywende vier modules kan deur studente gekies word.

REG. B105	MAGISTER IN REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE
	M. in Regeerkunde en Politieke Transformasie
	Studiekode: 1820
	256 krediete

1. INLIGTING

Hierdie graad beoog die bevordering van politieke kundigheid en die ontwikkeling van gevorderde bestuursgerigte vaardighede in 'n omgewing van snelle verandering (transformasie) om te voldoen aan die geïdentifiseerde behoeftes van institusionele kapasiteitsbou, leierskapsontwikkeling en die bevordering van 'n waardestelsel wat "goeie regeerkunde" en veral demokratiese staatspraktyke in die algemeen en demokratiese regering in die besonder onderlê.

2. TOELATINGSVEREISTES

- (a) Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot die magisterstudie (Algemene Regulasie A80) geld vir toelating tot hierdie graad.
- (b) Aangesien slegs 'n beperkte getal studente per jaar toegelaat kan word, sal studente ook aan 'n keuringsproses onderwerp word waarvolgens akademiese meriete en/of werkservaring deurslaggewend sal wees.

- (c) Alle aansoeke sal deur 'n programkomitee beoordeel word ooreenkomstig minimum toelatingsvereistes ('n B.-graad of ekwivalente kwalifikasie [NQF Vlak 6] is hier van toepassing).
- (d) Van studente word verwag om voorleggings te maak as deel van die beoordeling van die betrokke kandidaat.
- (e) Studente mag op grond van voorafleer, wat in oorleg met die streekkantoor vir EVL geskied, deur die Programdireksie toegelaat word.

3. KURRIKULUM

Eerste jaar

'n Totaal van 8 modules (128 krediete) vanuit 'n moontlike 15 modules moet voltooi word.

MGT731	Die politieke omgewing
MGT732	Politieke transformasie en bestuur
MGT733	Openbare finansiële bestuur
MGT734	Internasionale politieke bestuur
MGT735	Vergelykende analises van transformasiekontekste
MGT736	Politieke bestuurskommunikasie
MGT737	Politieke ekonomie en landbou
MGT741	Samewerkende regering
MGT742	Politieke veranderingsbestuur
MGT743	Politieke konflik en politieke beleid
MGT744	Openbare menslike hulpbronbestuur
MGT745	Die reg en politieke bestuur
MGT746	Grondhervorming
MGT747	Plaaslike en korporatiewe regering
MGT748	Suid-Afrikaanse regering en politieke transformasie
MGT749	Elektief

VERPLIGTE MODULES

MGT731 en MGT732	–	Eerste semester
MGT741 en MGT742	–	Tweede semester

Hierdie modules is verpligtend.

Die oorblywende vier modules kan deur die studente gekies word.

In gevalle waar studente die Magister kwalifikasie wil voltooi nadat die student nie daarin geslaag het om die eerstejaar van studie te voltooi nie, in die volgende van toepassing:

- (a) Die student moet van nuuts af aansoek doen en gekeur word.
- (b) Geslaagde modules van die eerstejaar mag vir krediet erken word met goedkeuring van die programdirekteur.
- (c) Toelating is onderworpe aan die evaluering van die kandidaat se akademiese prestasie.

Tweede Jaar

- 'n Metodologiemodule (16 krediete), MGT751/MGT752 moet voltooi word. Slegs studente wat ses kursusse voltooi het (met inbegrip van die vier verpligte modules) uit die eerste jaar kry toelating tot die tweede jaar van die betrokke module. Assessering geskied tydens die Junie/Julie of November/Januarie eksamen.
- 'n Navorsingsvoorstel (16 krediete), MGT753 moet voltooi en voorgelê word vir assessering.
- 'n Uitgebreide skripsie (96 krediete), MGT791 as uitvloeisel van die navorsingsvoorstel (MGT753) moet voltooi word.

KREDIETSAMESTELLING

Jaar 1

8 x 16 = 128 krediete

Jaar 2

2 x 16 + 96 = 128 krediete
Totaal **256 krediete**

REG. B106 PHILOSOPHIAE DOCTOR
(REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE)
Ph.D. (Regeerkunde en Politieke Transformasie)
Studiekode: 1961 240 krediete

Die kwalifikasie fokus op die politieke terrein en word multi-dissiplinêr hanteer met ondersteuning van Politieke Wetenskap, Openbare Bestuur, Staatsreg, Kommunikasiekunde, Geskiedenis en Landbou.

1. ALGEMENE INLIGTING

Die fokus en uitkomst van die kwalifikasie is dieselfde as die van die Magister vir Regeerkunde en Politieke Transformasie maar op die Ph.D.-vlak.

2. TOELATINGSVEREISTES

- a. Algemeen aanvaarde kriteria vir Ph.D. kwalifikasies soos van toepassing by die instelling.
- b. Slegs studente wat die Magister vir Regeerkunde en Politieke Transformasie suksesvol voltooi, sal toegelaat word tot hierdie kwalifikasie.
- c. 'n Persentasie behaal van 65% en meer vir die uitgebreide skripsie-gedeelte van bovermelde Magisterkwalifikasie.
- d. Beskikbare kapasiteit en kundigheid sal die getal studente wat toegelaat word, bepaal.
- e. Studieleiding sal slegs gegee word binne die raamwerk van 'n aanvaarde navorsingsvoorstel.
- f. 'n Navorsingsuitset (die voltooiing van 'n artikel) sal as aanbeveling dien vir toelating.

3. PROGRAM

'n Student wat vir die Ph.D. (Regeerkunde en Politieke Transformasie) registreer gebruik die volgende kode.

MGT900 – Proefskrif

4. KREDIET

240 krediete

PROGRAM IN MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

REG. B107	BACCALAUREUS ARTIUM HONORES (MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE) B.A.Hons. (Menslike Bewegingskunde)	128 krediete
------------------	--	---------------------

1. TOELATINGSVEREISTES

Studente word toegelaat tot die graad indien hulle aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting voldoen, maar met die toegewing dat studente wat nie Menslike Bewegingskunde as 'n hoofkursus van hul B.A. het nie, maar oor 'n ekwivalente kwalifikasie beskik, toegelaat mag word.

2. KURRIKULA

Die Honneursgraad bied studente die geleentheid om in enige een van die volgende kursusse te spesialiseer:

Studiekode

- | | |
|---|------|
| (1) Baccalaureus Artium Honores
(Menslike Bewegingskunde): Biokinetika | 1571 |
| (2) Baccalaureus Artium Honores
(Menslike Bewegingskunde): Kinderkinetika | 1572 |
| (3) Baccalaureus Artium Honores
(Menslike Bewegingskunde): Sportwetenskap | 1573 |
| (4) Baccalaureus Artium Honores
(Menslike Bewegingskunde): Rekreasie en Toerisme | 1574 |

Al vier kursusse het:

- (1) twee verpligte modules algemeen vir al vier kursusse
- (2) drie spesialisasiemodules spesifiek vir elk van die vier studierigtings.

2.1 Verpligte modules (32 krediete)

Alle Menslike Bewegingskundestudente moet die volgende twee modules neem:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW601	Navorsingsprojek (volgens die gekose spesialisasie)	16
MBW602	Grondslaestudie en Navorsingsmetodologie	16

2.2. Spesialisasiemodules vir studente wat in Biokinetika spesialiseer (96 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW606	Sportbeserings en Rehabilitasie	32
MBW607	Oefenfisiologie en Programvoorskrif (voorkomend en rehabiliterend)	32
MBW608	Assessering en Biokinetika Praktyk	32

2.3 Spesialisasiemodules vir studente wat in Kinderkinetika spesialiseer (96 krediete)

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW609	Motoriese leer en Ontwikkeling	32
MBW610	Bewegingsontwikkeling en Rehabilitasie	32
MBW611	Assessering en Kinderkinetika Praktyk	32

2.4 Spesialisasiemodules vir studente wat in Rekreasie en Toerisme spesialiseer (96 krediete)

Studente wat in Rekreasie en Toerisme spesialiseer moet drie modules uit die tabel kies.

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW612	Beplanning van volhoubare Rekreasie en Toerisme Ontwikkeling	32
MBW613	Fasiliteit, Program en Risikobestuur in Rekreasie en Toerisme	32
MBW614	Ekotoerisme	32
MBW615	Aktiwiteitsbestuur	32

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
MBW603	Oefenprogramvoorskrif	32
MBW605	Assessering en Sportwetenskap Praktyk	32
MBW618	Oefening en Voeding	32

Nagraadse Jaarboek – 2008

NAGRAADSE PROGRAM IN ALGEMENE SOSIALE WETENSKAPPE

REG. B111 BACCALAUREUS SOCIETATIS SCIENTIAE HONORES B.Soc.Sc.Hons. Studiekode: 2500

Na voltooiing van die B.Soc.Sc., kan studente hul B.Soc.Sc.Hons. voortsit in een van die volgende dissiplines:

- | | |
|--------------------|--|
| 1. Kriminologie | Studente volg die kurrikulum by B.A.Hons. (Kriminologie) |
| 2. Sielkunde | Studente volg die kurrikulum by B.Soc.Sc.Hons. |
| 3. Sosiologie | Studente volg die kurrikulum by B.A.Hons. (Sosiologie) |
| 4. Bedryfsielkunde | Raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |

REG. B111 SIELKUNDE

1.

- (a) Die algemene regulasies van die universiteit ten opsigte van toelating tot die honneurs is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Voornemende studente van die Honneursgraad in Sielkunde moet, jaarliks voor 16 Januarie aansoek doen om toelating. Voornemende studente moet 'n gemiddeld van 65% (en 'n subminimum van 60%) in hul derdejaar Sielkunde-modules behaal vir toelating tot honneurs in Sielkunde. Die departement behou die reg voor om veranderinge aan hierdie keuringskriteria aan te bring indien omstandighede dit vereis. Skriftelike bevestiging sal deur die koördineerder van die Honneursprogram aan suksesvolle kandidate verskaf word.

2. DUUR VAN STUDIE

Die kurrikulum strek oor een akademiese jaar vir voltydse studente of twee akademiese jare vir deeltydse studente.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum bestaan uit 10 verpligte 16 kredietmodules.

Jaarmodules

SIL604 Perspektiewe op groepe en gemeenskappe
SIL606 Navorsingsverslag

Eerste Semester modules

SIL614 Ontwikkelingsielkunde
SIL634 Psigometrie Teorie
SIL654 Terapeutiese intervensie en etiek
SIL674 Fisiologiese Sielkunde

Tweede semester modules

SIL624 Sosiale Sielkunde
SIL644 Sielkundige Assessering
SIL664 Psigopatologie
SIL684 Data analise – Gevorderde tegnieke

B.Psig.-ekwivalensie

Studente wat daarin belangstel om as beraders te registreer by die Raad vir Gesondheidsprofessies, kan na afloop van hul honneursgraad vir B.Psig.-ekwivalensie aansoek doen. Gekeurde studente sal toegelaat word om SIL600 – 'n 6-maande internskap te voltooi.

REG. B112	MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE	
	M.Soc.Sc.	128 krediete

Na voltooiing van die B.Soc.Sc.Hons., kan studente hul M.Soc.Sc. voortsit in een van die volgende dissiplines:

1. Kriminologie Volg die kurrikulum by M.A. (Kriminologie)
 Studiekode: 2700
2. Sielkunde Volg die kurrikula by M.Soc.Sc.
 of M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde)

3. Sosiologie of M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde)
 Volg die kurrikulum by M.A. (Sosiologie)
 Studiekode: 2700

REG. B113 SIELKUNDE

TOELATING

- (a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

Studente wat hul studies wil voortsit in 'n navorsingsgerigte M.Soc.Sc. Sielkunde, kies EEN van die volgende twee opsies:

A. Opsie 1: Studiekode 2700: 128 krediete

'n Verhandeling (SIL700) of minstens twee verbandhoudende publiseerbare artikels (SIL705) oor 'n goedgekeurde onderwerp.

B. Opsie 2: Studiekode 2700: 128 krediete

TOELATING

- (a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie. Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

- (d) Toelating tot die kursus in onderhewig aan keuring. Voornemende studente kan die Departementshoof kontak.
- (e) Die graad sal slegs aangebied word indien daar minstens tien studente gekeur word vir die kursus.

Studente wat Opsie Twee kies, voltooi 'n skripsie (SLN791) oor 'n goedgekeurde onderwerp

en

Twee vraestelle (SLN701 en SLN702) (Gevorderde Navorsingsmetodologie en Capita Selecta)

KURRIKULUM

SLN701 Capita Selecta uit spesialisasiegebied
SLN702 Gevorderde Navorsingsmetodologie
SLN791 'n Skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp

TOELIGTING

Die doel met hierdie kursus is om studente op 'n gestruktureerde wyse voor te berei om voortreflike navorsing oor aktuele onderwerpe te inisieer, deur te voer en op skrif te stel.

Aansoeke om keuring moet op die voorgeskrewe vorm die Departementshoof vóór 15 November van die jaar wat die eerste inskrywing voorafgaan, bereik. Onderrig met die oog op die eksamen en voorbereiding vir die skripsie geskied deur middel van lesings, werkopdragte en seminare. Die tye van die beperkte getal lesings sal in oorleg met die studente bepaal word.

ASSESSERING

Die eksamen (SLN701 en SLN702) sal 40%, en die skripsie (SLN791) 60% van die finale slaagpunt tel. Die graadsertifikaat sal geëndoseer word met "Navorsingsielkunde".

**REG. B114 MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE
(KLINIESE SIELKUNDE)
M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde)
Studiekode: 2730**

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die volgende nagraadse program in professionele opleiding in sielkunde nog op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys. Geen finale uiteensetting is tans beskikbaar nie en leerders word dus voorlopig aangeraai om onderstaande kursusse te volg.

INLIGTING

Die doel met hierdie voltydse, tweejarige kursus is om die student op te lei sodat hy/sy ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoep van S.A. (RGBSA) as sielkundige in die kategorie Kliniese Sielkunde kan registreer.

Die opleidingsprogram word gesamentlik deur die Departement Sielkunde en die opleidingsinstansie waar die internskap plaasvind, opgestel met inagneming van die voorskrifte van RGBSA.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot die magisterstudie in Kliniese Sielkunde toegelaat kan word, word hulle gekeur. 'n Student sal vir keuring oorweeg word indien hy/sy reeds 'n honneursgraad in Sielkunde of 'n B.Psig.-graad verwerf het of daarmee besig is.

Aansoeke om keuring en toelating moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Keuring vind gedurende die derde kwartaal van elke jaar plaas en die kursus neem in Januarie van die daaropvolgende jaar 'n aanvang.

Belangstellende studente van ander universiteite moet die inhoud van hul honneurskursusse aan die Departementshoof vir goedkeuring voorlê.

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Hoof, Departement Sielkunde, UV.

REGULASIES

1. TOELATING

- (a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.
- (c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie.
- (d) Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van onder meer volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

2. ASSESSERING

Eksaminering geskied aan die einde van elke studiejaar en kan skriftelik en/of mondeling wees.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet die kandidaat 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n skripsie of een publiseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie skripsie of publiseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Kliniese Sielkunde van toepassing is. Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n skripsie (Reg. A88 - A93).

Met toestemming van die Departementshoof en die dekaan kan die skripsie of publiseerbare artikel op 'n later datum ingedien word.

By die berekening van die finale slaagpunt vir graaddoeleindes sal die onderskeie kursusse die volgende gewigte dra:

SKL701 25%

- Vraestel 1: Psigodiagnostiek
- Vraestel 2: Praktykvoering
- Vraestel 3: Kinderassessering en intervensie

- Vraestel 4: Adollesente assessering en intervensie
- Vraestel 5: Volwasse assessering en intervensie

SKL703 25%
 SKL704 Suksesvolle deurloping van die internskap volgens Beroepsraadvereistes
 SKL791 Uitgebreide skripsie 50%

'n Jaarpunt van 50% word vir SKL701 vereis. Die studente moet 'n subminimum van 50% vir elkeen van bogenoemde vyf vraestelle van SKL701 behaal.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die M.Soc.Sc.-graad in Kliniese Sielkunde bestaan uit:

SKL701 Kliniese sielkunde (eerste jaar)
 SKL703 Kliniese Sielkunde (tweede jaar)
 SKL704 'n Internskap in Kliniese Sielkunde volgens Beroepsraadvereistes
 SKL791 Kliniese sielkunde (Uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel)

Onder normale omstandighede registreer 'n student dus soos volg:

Eerste studiejaar SKL701
 Tweede studiejaar SKL703
 SKL704 (Internskap)
 SKL791 (Uitgebreide skripsie / artikel)

**REG. B115 MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE
 (VOORLIGTINGSIELKUNDE)
 M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde)
 Studiekode: 2740**

U aandag word daarop gevestig dat die formaat van die volgende nagraadse program in professionele opleiding in sielkunde nog op nasionale vlak onder bespreking is en dat die finale samestelling van die program onderhewig is aan 'n gesamentlike besluit deur die Professionele Raad vir Sielkunde en die Komitee vir Hoër Onderwys.

Geen finale uiteensetting is tans beskikbaar nie en leerders word dus voorlopig aangeraai om onderstaande kursusse te volg.

INLIGTING

Die doel met hierdie voltydse, tweejarige kursus is om die student op te lei sodat hy/sy ná suksesvolle voltooiing daarvan by die Raad vir Gesondheidsberoepe van S.A. (RGBSA) as sielkundige in die kategorie Voorligtingsielkunde kan registreer.

Die opleidingsprogram word gesamentlik deur die Departement Sielkunde en die opleidingsinstansie waar die internskap plaasvind, opgestel met inagneming van die voorskrifte van RGBSA.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte getal kandidate tot die magisterstudie in Voorligtingsielkunde toegelaat kan word, word hulle gekeur. 'n Student sal vir keuring oorweeg word indien hy/sy reeds 'n honneursgraad in Sielkunde of 'n B.Psig.-graad verwerf het of daarmee besig is.

Aansoeke om keuring en toelating moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Keuring vind gedurende die derde kwartaal van elke jaar plaas en die kursus neem in Januarie van die daaropvolgende jaar 'n aanvang.

Belangstellende studente van ander universiteite moet die inhoud van hul honneurskursusse aan die Departementshoof vir goedkeuring voorlê.

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Hoof, Departement Sielkunde, UV.

REGULASIES

1. TOELATING

- (a) Die algemene regulasie ten opsigte van toelating tot magistergrade is **mutatis mutandis** van toepassing op hierdie graad.
- (b) Studente van hierdie Universiteit wat nie hul studies onderbreek het nie, moet aansoek doen om toelating by die betrokke Departementshoof.

- (c) Studente wat hul studies onderbreek het en studente afkomstig van ander universiteite, moet direk aansoek doen om toelating by die Afdeling Studente-administrasie.
- (d) Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring en word bepaal aan die hand van onder meer volgehoue akademiese prestasie op honneurs/vierdejaarsvlak.

2. ASSESSERING

Eksaminering geskied aan die einde van elke studiejaar en kan skriftelik en/of mondeling wees.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet die kandidaat 'n goedgekeurde internskap suksesvol deurloop en 'n skripsie of een publiseerbare artikel aan die einde van die tweede studiejaar indien. Hierdie skripsie of publiseerbare artikel moet handel oor 'n onderwerp wat op die Kliniese Sielkunde van toepassing is. Die eksaminering van die artikel geskied ooreenkomstig die regulasies wat geld vir dié van 'n skripsie (Reg. A88 - A93).

Met toestemming van die Departementshoof en die dekaan kan die verhandeling of publiseerbare artikel op 'n later datum ingedien word.

By die berekening van die finale slaagpunt vir graaddoeleindes sal die onderskeie kursusse die volgende gewigte dra:

SLV701 25%

- Vraestel 1: Psigodiagnostiek
- Vraestel 2: Praktykvoering
- Vraestel 3: Kinderassessering en intervensie
- Vraestel 4: Adollesente assessering en intervensie
- Vraestel 5: Volwasse assessering en intervensie

SLV703 25%

SLV704 Suksesvolle deurloping van die internskap volgens Beroepsraadvereistes

SLV791 Uitgebreide skripsie 50%

'n Jaarsyfer van 50% word vir SLV701 vereis. Die studente moet 'n subminimum van 50% vir elkeen van bogenoemde vyf vraestelle van SLV701 behaal.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die M.Soc.Sc.-graad in Voorligtingsielkunde bestaan uit:

- SLV701 Voorligtingsielkunde (eerste jaar)
- SLV703 Voorligtingsielkunde (tweede jaar)
- SLV704 'n Internskap in Voorligtingsielkunde volgens Beroepsraad-vereistes
- SLV791 Voorligtingsielkunde (Uitgebreide skripsie of publiseerbare artikel)

Onder normale omstandighede registreer 'n student dus soos volg:

Eerste studie jaar: SLV701

Tweede studiejaar: SLV703

SLV704 (Internskap)

SLV791 (Uitgebreide skripsie /
publiseerbare artikel)

REG. B116 PHILOSOPHIAE DOCTOR Ph.D. Studiekode: 2930

KURRIKULUM

Die Ph.D.-graad word op grond van 'n proefskrif in die volgende departemente toegeken:

Kriminologie	Modulekode	KRM900
Sielkunde	Modulekode	SIL900
Sosiologie	Modulekode	SOS900

Wat die Ph.D.-graad in Sielkunde betref, word 'n proefskrif (SIL900) of minstens vyf publiseerbare artikels (SIL905) vereis of die volgende gedoseerde kursus kan gevolg word: Ph.D. in Kindersielkunde.

Vir die Ph.D.-graad in Sosiologie word 'n proefskrif (SOS900) of minstens vyf publiseerbare artikels (SOS905) vereis.

Ph.D. (Kindersielkunde) Studiekode: 2930

Die doel met hierdie program is om die student verder wetenskaplik op te lei sodat hy/sy na suksesvolle voltooiing daarvan as spesialis in 'n terrein van die Kindersielkunde kan optree.

Aangesien daar jaarliks slegs 'n beperkte aantal kandidate tot hierdie doktrale studie toegelaat word, word hulle gekeur. 'n Student sal vir keuring oorweeg word indien hy/sy reeds 'n Magistergraad in Kliniese, Voorligting- of Opvoedkundige Sielkunde verwerf het en reeds ongeveer vyf jaar praktiese ondervinding in die veld van die Kindersielkunde/ Kinderpraktik opgedoen het.

Aansoeke om keuring en toelating moet op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word.

Daar sal van belangstellende studente vervang word om die inhoud van hul Magistergraadkursus aan die Ph.D.-komitee vir goedkeuring voor te lê.

Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar van die Kursuskoördineerder: Ph.D.-komitee in Kindersielkunde, Departement Sielkunde, UV.

KURRIKULUM

Die kurrikulum vir die Ph.D.-graad (Kindersielkunde) bestaan uit die volgende modules:

- SIL901 Kindersielkunde: Huidige benaderings
- SIL902 Kindersielkunde: Gevorderde Teoretiese begronning
- SIL903 Kindersielkunde: Gevorderde praktikvoering
- SIL991 Kindersielkunde (proefskrif van beperkte omvang)

of

- SIL993 drie publiseerbare artikels

ASSESSERING

Die assessering vir SIL901, SIL902 en SIL903 bestaan onderskeidelik uit 'n deurlopende evaluering van referate wat gedurende die akademiese jaar gelewer word sowel as skriftelike en/of mondelinge vraestelle aan die einde van die jaar. 'n Subminimum van 50% moet

behaal word in elke afsonderlike module. 'n Eksterne eksaminator word vir elke vraestel aangewys.

Afgesien van die bostaande eksaminering moet 'n proefskrif van beperkte omvang of drie publiseerbare artikels aan die einde van die studie ingedien word. Hierdie proefskrif moet handel oor 'n geskikte onderwerp in die Kindersielkunde, wat gekies word in oorleg met die departementele Navorsingskomitee.

Met toestemming van die Departementshoof en die Dekaan kan die proefskrif op 'n later datum ingedien word, met dien verstande dat die algemene regulasies ten opsigte van die indiening van proefskrifte (vergelyk Algemene Regulasies A116) hier van toepassing sal wees.

By die berekening van die finale slaagpunt vir graaddoeleindes, moet die student al drie modules slaag.

Die graadsertifikaat sal geëndoseer word met Ph.D. in Kindersielkunde.

PROGRAM IN MAATSKAPLIKEDIENSBEROEPE

Studente kan die volgende nagraadse kwalifikasies verwerf:

- (1) Magistergraad in Maatskaplike Werk by wyse van verhandeling
- (2) Gestruktureerde Magistergraad in Maatskaplike Werk
- (3) Doktoraat in Maatskaplike Werk

Let wel: Vir die meeste van hierdie kwalifikasies moet studente te alle tye geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike-diensberoep. Dit is belangrik dat studente bewys van registrasie moet kan lewer.

REG. B117 MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK M. (M.W.)

1. TOELATINGSVEREISTES

In die reël moet studente voldoen aan die toelatingsvereistes vermeld in 1.4 onder Algemene Inligting. Om toelating tot die graad M. (M.W.) te verkry moet studente oor 'n vierjaargraad in Maatskaplike Werk, 'n Honneursgraad in Maatskaplike Werk, 'n Gevorderde Diploma in Maatskaplike werk of 'n ekwivalente kwalifikasie beskik.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen of enige ander keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

2. KURRIKULUM

2.1 M. (M.W.)-graad deur middel van 'n verhandeling Studiekode 2714 (180 krediete)

Studente met 'n Honneursgraad of 'n vierjaar Baccalaureusgraad mag, met die toestemming van die Departementshoof en onderworpe aan voorwaardes wat gestel mag word, die Magistergraad verwerf deur 'n verhandeling (Modulekode MDB700).

2.2 Die gestruktureerde graad-M. (Maatskaplike Werk) Studiekode 2713 (180 krediete)

Die kurrikulum is saamgestel uit:

- (1) verpligte modules wat deur alle studente geneem word en
- (2) 'n elektief wat meer fokus op 'n spesifieke studiegebied binne die Maatskaplike werk.

Aangesien nie alle elektiewe noodwendig elke jaar aangebied word nie, moet studente die Departementshoof raadpleeg voordat hulle registreer.

Die program word gedeeltelik na-ure (byvoorbeeld op Saterdag) aangebied en strek oor ten minste twee akademiese jare.

2.2.1 Modules vir die eerste jaar

KODE	MODULE	KREDIETE
GMM701	Gevorderde Maatskaplikewerk metodologie (voorvereiste vir kliniese werk)	30
SWR701	Gevorderde maatskaplikewerknavorsing (voorvereiste vir SRR791)	45

Studente moet **EEN** van die volgende elektiewe neem (nadat hulle die Departementshoof geraadpleeg het).

KODE	MODULE	KREDIETE
MDB704	Maatskaplikewerkbestuur en supervisie	30
LSS705	Verlies en trauma	30
MFA701	Multi-dimensionele biopsigososiale forensiese assessering	30
CSM701	Capita selecta uit spesialiteitsvelde in Maatskaplike werk	30

2.2.2 Modules vir die tweede jaar

KODE	MODULE	KREDIETE
KMW701	Kliniese werk	30
SRR791	Skripsie of publiseerbare verbandhoudende artikel(s)	45

❖ **Kliniese werk**

Studente moet in **twee** van die primêre metodes van Maatskaplike werk praktiese werk doen. Kliniese werk moet fokus op die betrokke elektief. Wanneer studente supervisie en bestuur as elektief kies, bestaan hulle kliniese werk uit **een** van die primêre metodes van maatskaplike werk en die bestuur van die supervisieproses. Die kliniese werk word onder leiding van personeel van die Departement Maatskaplike werk gedoen.

2.2.3 Assessering

❖ **Kursusgedeelte**

Die wyse van assessering word in die studiehandleidings van die afsonderlike modules uiteengesit en bestaan uit een vraestel van vier ure (GMM701) en een van drie ure (elektief). Die kliniese module se assessering vind plaas in die vorm van 'n mondelinge eksamen. Eksaminering geskied aan die einde van elke studiejaar.

Assessering word gedoen deur persone wat deur die departementshoof goedgekeur is.

❖ **Maatskaplikewerk navorsing en skripsie**

Vir die navorsingsmodule (**SWR701**) word twee skriftelike eksamens afgeneem. Die skripsie moet fokus op die geselekteerde elektief. In die module **SRR791** word die finale verslag van die navorsingsprojek as eksamenstuk beoordeel. By die berekening van die finale punt vir die leerprogram, tel hierdie modules in maatskaplikewerknavorsing (**SWR701 en SRR791**) 50% van die totale aantal krediete.

Interne en eksterne assessering vind plaas.

1. TOELATINGSVEREISTES

Om tot die Ph.D. toegelaat te word, moet 'n student beskik oor:
'n Magistergraad in die dissipline Maatskaplike Werk.

Toelating is onderhewig aan departementele goedkeuring op grond van
volgehoue hoë akademiese standaarde, 'n tentamen of enige ander
keuringsvereiste soos bepaal deur die Departementshoof.

2. KURRIKULUM

Studente moet 'n proefskrif (Modulekode MDB900) skryf oor 'n
onderwerp wat in oorleg met die promotor en die Departementshoof
gekies is.

**REG. B119 GEVORDERDE DIPLOMA IN HOËR ONDERWYS
(G.D.H.O.)
Studiekode: 7206**

Hierdie kwalifikasie word in die Fakulteit Geesteswetenskappe deur die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling aangebied. Die diploma word deelyds oor twee jaar aangebied en 'n brongebaseerde benadering word gevolg met beperkte kontakssessies per semester.

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Gevorderde Diploma in Hoër Onderwys bied aan dosente-oëronderwyspraktisyns geleentheid om professioneel binne die hoëronderwyskonteks te ontwikkel. Dit blyk asof daar van alle hoëronderwyspraktisyns in die nabye toekoms verwag sal word om sodanige professionele kwalifikasie te verwerf.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die algemene regulasies van die Universiteit ten opsigte van toelating tot diplomastudie geld vir toelating tot hierdie diploma.

'n Student word tot die program toegelaat indien hy/sy aan die volgende voorgeskrewe vereistes voldoen:

- 'n Baccalaureusgraad; en
- toepaslike werkservaring in hoër onderwys.

Indien 'n aansoeker nie aan al bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, moet 'n spesiale motivering vir toelating, gebaseer op die erkenning van voorafleer, verstrekkend word.

3. DUUR VAN STUDIE

Hierdie kwalifikasie strek oor twee jaar.

4. EKSAMEN

Vraestelle van drie uur elk word in sommige van die modules gedurende die Junie- en Novembereksamens geskryf. Die vraestelle is almal in die vorm van 'n oopboekeksamen. In hierdie modules word die finale punt bereken deur 50% van die semesterpunt en 50% van die eksamenpunt.

in berekening te bring. In die ander modules berus die finale punt op deurlopende assessering.

5. KURRIKULUM

EERSTE AKADEMIESE JAAR*

SEMESTER	KODE	BESKRYWING	KREDIETE
1	HOS518	Onderrig/Fasilitering	16
1	HOS519	Innoverende studenteleer in konteks	16
2	HOS528	Modulebeplanning en ontwikkeling van studiemateriaal	16
2	HOS529	Die Hoëronderwys-omgewing	16

TWEEDE AKADEMIESE JAAR*

SEMESTER	KODE	BESKRYWING	KREDIETE
1	HOS512	Assessering	16
1	HOS513	Administrasie, bestuur en leierskap	16
2	Elektief	<u>Kies EEN van die volgende modules:</u>	
	HOS522	Samelewingsdiens	16
	HOS533	E-leerfasilitering	
*1 en 2	HOS501	Professionele ontwikkeling as navorser	16

Totaal: 128 krediete

* Die modules wat onder die Eerste Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende elke gelyke jaar aangebied (2008, 2010, 2012). Die modules wat onder die Tweede Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende die alternatiewe jaar of ongelyke jaar aangebied (2009, 2011, 2013). Die uitsondering is HOS501, die jaarmodule, wat elke jaar aangebied word. Studente wat vir die eerste keer registreer, skryf dus in vir die modules wat daardie spesifieke jaar aangebied word, met die keuse om HOS501 in óf die eerste jaar van studie óf in die tweede jaar van studie te volg.

**REG. B120 GEVORDERDE DIPLOMA IN VERDERE ONDERWYS
(G.D.V.O.)
Studiekode: 7235**

Hierdie kwalifikasie word in die Fakulteit Geesteswetenskappe deur die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling aangebied. Die diploma word deelyds oor twee jaar aangebied en 'n brongebaseerde benadering word gevolg met beperkte kontakssessies per semester.

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Gevorderde Diploma in Verdere Onderwys bied aan dosenteverdere onderwyspraktisyns geleentheid om professioneel binne die verdere onderwyskonteks te ontwikkel. Dit blyk asof daar van alle verdere onderwyspraktisyns in die nabye toekoms verwag sal word om sodanige professionele kwalifikasie te verwerf.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die algemene regulasies van die Universiteit ten opsigte van toelating tot diplomastudie geld vir toelating tot hierdie diploma.

'n Student word tot die program toegelaat indien hy/sy aan die volgende voorgeskrewe vereistes voldoen:

- 'n Driejarige diploma; en
- toepaslike werkservaring in verdere onderwys.

Indien 'n aansoeker nie aan al bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, moet 'n spesiale motivering vir toelating, gebaseer op die erkenning van voorafleer, verstrek word.

3. DUUR VAN STUDIE

Hierdie kwalifikasie strek oor twee jaar.

4. EKSAMEN

Vraestelle van drie uur elk word in sommige van die modules gedurende die Junie- en Novembereksamens geskryf. Die vraestelle is almal in die vorm van 'n oopboekeksamen. In hierdie modules word die finale punt bereken deur 50% van die semesterpunt en 50% van die eksamenpunt

in berekening te bring. In die ander modules berus die finale punt op deurlopende assessering.

5. KURRIKULUM

EERSTE AKADEMIESE JAAR*

SEMESTER	KODE	BESKRYWING	KREDIETE
1	FES518	Onderrig/Fasilitering	16
1	FES519	Innoverende studenteleer in konteks	16
2	FES528	Modulebeplanning en ontwikkeling van studiemateriaal	16
2	FES539	Die verdere onderwysomgewing	16

TWEEDE AKADEMIESE JAAR*

SEMESTER	KODE	BESKRYWING	KREDIETE
1	FES512	Assessering	16
1	FES513	Administrasie, bestuur en leierskap	16
2	Elektief	Kies EEN van die volgende modules:	16
	FES522	Samelewingsdiens	
	FES533	E-leerfasilitering	
1 en 2	FES501	Professionele ontwikkeling as navorser	16

Totaal: 128 krediete

* Die modules wat onder die Eerste Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende elke gelyke jaar aangebied (2008, 2010, 2012). Die modules wat onder die Tweede Akademiese Jaar aangedui word, word gedurende die alternatiewe of ongelyke jaar aangebied (2009, 2011, 2013). Die uitsondering is FES501, die jaarmodule, wat elke jaar aangebied word. Studente wat vir die eerste keer registreer, skryf dus in vir die modules wat daardie spesifieke jaar aangebied word, met die keuse om FES501 in óf die eerste jaar van studie óf in die tweede jaar van studie te volg.

REG. B121 MAGISTER ARTIUM (HOËRONDERWYSSTUDIE)
M.A. (H.O.S.)
Studiekodes: 7831 / 7832 / 7833

Hierdie kwalifikasie word in die Fakulteit Geesteswetenskappe deur die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling aangebied. Die gestruktureerde formaat van die graad (studiekode 7832 of 7833) word deelyds oor twee jaar aangebied en 'n brongebaseerde benadering word gevolg met beperkte kontakssessies per semester. Hierdie formaat sluit af met 'n 120-kredietdraende uitgebreide skripsie. Die ongestruktureerde formaat van die graad (studiekode 7831) vereis 'n verhandeling. 'n Gestruktureerde studieleidingsprogram wat oor 'n hele jaar strek, word vir studente aangebied wat die verhandeling of die uitgebreide skripsie doen.

1. LOOPBAANAANGELEENTHEDE

Weens verskillende interne en eksterne invloede is die verdere- en hoëronderwyskonteks nasionaal en internasionaal toenemend aan die verander. Ten einde dosente en bestuurslui aan hoër-/verdere onderwysinstellings toe te rus vir hierdie veranderinge, bied hierdie Magister Artium hoër en verdere onderwyspraktisyns die geleentheid om professioneel te ontwikkel en te bestuur op verskillende institusionele vlakke binne 'n dinamiese verdere- en hoëronderwys-omgewing.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die algemene regulasies van die Universiteit ten opsigte van toelating tot magistergraadstudie geld vir toelating tot hierdie graad.

'n Student word tot die program toegelaat indien hy/sy aan die volgende voorgeskrewe vereistes voldoen:

- 'n Honneursgraad of ekwivalent daarvan; en
- toepaslike werkservaring in hoër- of verdere onderwys.

Indien 'n aansoeker nie aan al bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, moet 'n spesiale motivering vir toelating, gebaseer op die erkenning van voorafleer, verstrekkend word.

3. DUUR VAN STUDIE

Hierdie deeltydse kwalifikasie strek oor twee jaar.

4. EKSAMEN

Vraestelle van vier uur elk word in sommige van die modules in die gestruktureerde graad gedurende die Junie- en Novembereksamens geskryf. Die vraestelle is almal in die vorm van 'n oopboekeksamen. In hierdie modules word die finale punt bereken deur 50% van die semesterpunt en 50% van die eksamenpunt in berekening te bring. In die ander modules in die gestruktureerde graad berus die finale punt op deurlopende assessering.

5. KURRIKULUM

Magister Artium (Hoëronderwysstudie):

Hoër Onderwys: Gestruktureerd

Studiekode: 7832

Jaar van studie	Kode	Naam van Module	Krediete
1 (1ste semester)	HOS710	Hoëronderwysstelsels, transformasie en beleidsanalise	24
1 (1ste semester)	HOS711	Programbeplanning en ontwikkeling/Ontwerp van studiemateriaal	24
1 (2de semester)	HOS722	Leesfasilitering en assessering/evaluering	24
1 (2de semester)	HOS723	Studenteleer en -ontwikkeling	24

Tweede jaar

Studente kies **EEN** van die volgende elektiewe vir die eerste semester van die tweede studiejaar (24 krediete elk):

HOS715: Bestuur/Leierskap en beheer ("Governance")

HOS716: Gehalteversekering

HOS717: Samelewingsdiensleer

HOS718: Nagraadse studieleiding

HOS719: Die ontwerp, implementering en bestuur van 'n E-leeromgewing
en

HOS791: Navorsingsmetodologie en die uitgebreide skripsie/een
(1) verbandhoudende, publiseerbare artikel (120 krediete)

Totale aantal krediete: 240

Magister Artium (Hoërondewysstudie):
Verdere Onderwys: Gestruktureerd
Studiekode: 7833

Jaar van studie	Kode	Naam van Module	Krediete
1 (1ste semester)	FES710	Verder onderwysstelsels transformasie en beleidsanalise	24
1 (1ste semester)	FES711	Programbeplanning en ontwikkeling/Ontwerp van studiemateriaal	24
1 (2de semester)	FES722	Leerfasilitering en assessering/evaluering	24
1 (2de semester)	FES723	Studenteleer en -ontwikkeling	24

Tweede jaar

Studente kies **EEN** van die volgende elektiewe vir die eerste semester van die tweede studiejaar (24 krediete elk):

FES715: Bestuur/Leierskap en beheer ("Governance")

FES716: Gehalteversekering

FES717: Samelewingsdiensleer

FES718: Nagraadse studieleiding

FES719: Die ontwerp, implementering en bestuur van 'n E-leeromgewing
en

FES791: Navorsingsmetodologie en die uitgebreide skripsie/een
 (1) verbandhoudende, publiseerbare artikel (120 krediete)

Totale aantal krediete: 240

Magister Artium (Hoërondewysstudie):
Verhandeling
Studiekode: 7831

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
HOS700 of HOS702	Verhandeling: Hoërondewysstudie of Twee (2) verbandhoudende, publiseerbare artikels: Hoërondewysstudie	240 of 240

Die M.A. (Hoërondewysstudie) artikuleer na 'n Ph.D.

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Ph.D.-graad is 'n kwalifikasie wat afgestem is op onafhanklike voortgesette leer deur hoër- en verdere onderwyspraktisyns ten einde hulle te bemagtig om 'n leidende rol in die hoër en verdere onderwys- en opleidingsektore in Suid-Afrika te vervul. Die kwalifikasie sal studente in staat stel om komplekse kennis te integreer op die bepaalde spesialiseringsterrein van dié gevorderde Ph.D.-graad wat in die Fakulteit toegeken word.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van toelating tot graadstudie (Algemene Regulasies) geld vir toelating tot hierdie graad.

Om toelating te verkry tot die Ph.D.-studie in Hoëronderwysstudie, moet die student:

- beskik oor 'n magister- en/of doktorsgraad in 'n wetenskaplike rigting wat in die Ph.D.-onderwerp toepassing verkry;
- bewys lewer van toepaslike werkservaring in die hoër/verdere onderwyssektor;
- 'n navorsingsvoorstel in dien wat handel oor 'n onderwerp in hoër/verdere onderwys.

3. DUUR VAN STUDIE EN UITTREEVLAK

Die Ph.D.-studie strek oor ten minste twee jaar en kan verleng word met goedkeuring deur die betrokke Departementshoof.

4. ASSESSERING

Die institusionele reëls van die universiteit ten opsigte van eksaminering is van toepassing op hierdie graadstudie.

- Die navorsingsvoorstel moet met sukses voor 'n paneel van ten minste drie dosente, wat die promotor en die betrokke departementshoof insluit, verdedig word. Na suksesvolle aflegging van die mondelinge eksamen mag die titel van die proefskrif eers vir registrasie voorgelê word.

- Die proefskrif kan na 'n studietydperk van ten minste twee jaar met goedkeuring van die promotor en die betrokke departementshoof vir eksaminering ingedien word.
- Die finale verslag kan óf 'n proefskrif wees oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in hoër/verdere onderwys wat deur die kandidaat gekies is in oorleg met die aangewese promotor(s)

of

- Vyf verbandhoudende, publiseerbare artikels in ('n) geakkrediteerde tydskrif(te) oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in hoër/verdere onderwys wat deur die kandidaat gekies is in oorleg met die aangewese promotor(s).

Kwaliteitsversekering geskied deurdat dié proefskrif ekstern geëksamineer word.

5. KURRIKULUM

Die kurrikulum van hierdie kwalifikasie bestaan uit 'n keuse tussen twee moontlikhede:

KODE	NAAM VAN MODULE	KREDIETE
HOS900 of HOS905	Proefskrif: Hoëronderwysstudie of Vyf (5) verbandhoudende, publiseerbare artikels: Hoëronderwysstudie	240 of 240